

# Openbaring 20

Bybelstudie 17

1

<b>232: Watter profeet moes klei van 'n pottebakker koop?</b>			
Jeremia	Jesaja	Elia	Jona
<b>233: Hoeveel manne is gekies vir die versorging van die weduwees?</b>			
3	6	7	12
<b>234: In watter boek lees ons Petrus se toespraak op Pinkster?</b>			
Lukas	Handelinge	Romeine	1 Petrus
<b>235: Waarom was die eienaars van 'n slavin kwaad vir Paulus omdat hy 'n bose gees uit haar gedryf het?</b>			
Sy was getuie van 'n moord	Sy kon nie meer dans nie	Sy het in tale gesprek	Sy was 'n waarsêer.
<b>236: Wie was die Hoofman oor 100 wat Petrus laat haal het?</b>			
Aleksander	Kornelius	Festus	Rufus
<b>237: Wie was Lameg se seun?</b>			
Noag	Metusalag	Jared	Sem
<b>238: Ragel het gesterf met die geboorte van</b>			
Josef	Simeon	Aser	Benjamin

2

<b>232: Watter profeet moes klei van 'n pottebakker koop?</b>			
A: Jeremia 19:1	Jesaja	Elia	Jona
<b>233: Hoeveel manne is gekies vir die versorging van die weduwees?</b>			
3	6	C: Handeling 6:3	12
<b>234: In watter boek lees ons Petrus se toespraak op Pinkster?</b>			
Lukas	B: Handeling 2:14	Romeine	1 Petrus
<b>235: Waarom was die eienaars van 'n slavin kwaad vir Paulus omdat hy 'n bose gees uit haar gedryf het?</b>			
Sy was getuie van 'n moord	Sy kon nie meer dans nie	Sy het in tale gespreek	D: Handeling 16:19
<b>236: Wie was die Hoofman oor 100 wat Petrus laat haal het?</b>			
Aleksander	B: Handeling 10:1	Festus	Rufus
<b>237: Wie was Lameg se seun?</b>			
A: Genesis 5:28	Metusalag	Jared	Sem
<b>238: Ragel het gesterf met die geboorte van</b>			
Josef	Simeon	Aser	D: Genesis 35:18

3

1. Wat is die verband met die sleutel wat die ster ontvang het (Openbaring 9)?

Openbaring 9

Sleutel is teken van mag. In Openbaring 9 .  
 Die bodemlose put beteken die allerdiepste ellende – die volheid van die hel.  
 Die hel is teken van God se straf en verwerping.  
 Hierdie "ster" is die persoon wat aan homself die mag gee.  
 Dis is ook die eindbestemming van die Antichris, valse profeet, dood en satan.  
 Met die oopsluit word die ingang van Satan gewaarborg.

Openbaring 20

In Openbaring 9 is die skag oopgesluit.  
 Die Antichris en die valse profeet is reeds daar (19:20).  
 Die groot kenning beteken dat dit groter / sterker is as die persoon wat gebind word.  
 Die feit dat die engele uit die hemel kom, beteken dit dit van God af kom.

4

2. Hoe moet ons die 1000 jaar verstaan?

10 x 10 x 10. Volle tyd deur God bepaal.

God is nie gebonde aan een tydperk nie.

Hier is twee tydperke van 1000 jaar ter sprake: een in die hemel en een op die aarde.

3. Sal Satan geen invloed hê in die tyd wat hy gebind is nie?

'n Ketting beperk beweging, maar keer nie enige invloed nie.

Ons weet nie hoe lank die ketting is nie!

Satan kan net doen wat God hom toelaat.

4. Wat is die "tweede dood"?

Dood van die siel.

NB! Dood van die siel is die 'n "ophou bestaan" nie, maar 'n bewustelike weg-wees van God en Sy genade.

5

5. Wie is Gog en Magog?

Esegiël 38:1 Die woord van die Here het tot my gekom: <sup>2</sup>"Mens, draai jou gesig na Magog se land toe, na Gog toe, die hoofregeerder van Mesek en Tubal, tree op as profeet teen hom <sup>3</sup> en sê: So sê die Here my God: Ek gaan teen jou optree, Gog, hoofregeerder van Mesek en Tubal. <sup>4</sup>

**Esegiël 38**

Dis duidelik dat Gog die leier is wat oor die land Magog regeer.

Dis duidelik dit die onderdrukker van die volk van die Here is (Esegiël tree op tydens die ballingskap)

Dus: leier en onderdrukker

**Openbaring 20**

Simbolies: leier en onderdrukker van die kerk van God

6. Watter oorlog is hier ter sprake?

Die laaste desperate poging van Satan om die kerk van God te vernietig

7. Waar is die poel van vuur?

Bestaan nog nie fisies nie – dit is deel van die eindoordeel.

6

8. Gaan die hemel en die aarde ophou bestaan? Motiveer.

Nee.

2 Petrus 3

10 Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom. En op dié dag sal die hemel met 'n groot gedruis verdwyn, **die hemelliggame brand en tot niet gaan**, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan. 11 Aangesien al hierdie dinge **so aan hulle einde gaan kom**, moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe. 12 Leef in verwagting dat die dag van God kom en beywer julle daarvoor, die dag waarop die **hemel in vlamme sal vergaan en die hemelliggame sal brand en wegsmelt**. 13 Maar ons leef in die **verwachting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het** en waar die wil van God sal heers

Openbaring 21

<sup>1</sup> Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie

<sup>5</sup> Toe sê Hy wat op die troon sit: "Kyk, Ek maak alles nuut."


God maak alles nuut deur die vuur. Dit wat onvolmaak is, word vernietig. God herskep – niks negatief sal daar wees nie

7


9. Word alles in die boek van die lewe opgeskryf wat gebeur?

Ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan, en die boeke is oopgemaak. Daar is ook 'n ander boek oopgemaak, dit is die boek van die lewe. Die dooies is toe geoordeel volgens wat daar in die boeke geskrywe staan oor alles wat hulle gedoen het.

Let mooi op! Dooies. Oordeel oor dade. Hierdie is dus die mense wat nie geglo het nie en dat elke sonde wat hulle gedoen het, opgeskryf is. Hulle word dan gestraf vir elke sonde wat hulle gedoen het.



Let mooi op! Ander boek. Enkelvoud. Name van hulle wat LEEF. Uitverkorenes



8

10. Kan ons op grond van vers 13 sê dat die mens tot en met die eindoordeel in die doderyk wag?

<sup>13</sup> Die see het die dooies teruggegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dooies teruggegee wat in hulle was, en oor elkeen is geoordeel volgens wat hy gedoen het.

Konteks! Hier is sprake van die oordeel van die dooies – ongelowiges. Ook die ongelowiges se liggame sal opstaan en met hulle siele herenig – en as totale mens geoordeel word.

11. Waarom moet die dood ook in die vuurpoel gegooi word? Wat beteken dit?

Dood is die straf, die eerste gevolg van die sonde. Daar is nie plek in die nuwe Jerusalem vir die dood nie! Daarom word dit weggeban uit die ervaringsveld van die mens.

12. Wie se name is nie in die boek van die lewe geskrywe nie?

Alle nie-uitverkorenes

9

13. Wat is die troos-boodskap van hierdie gedeelte?

Satan is altyd onder toesig en in die mag van God.

Satan het invloed, maar dit word beperk.

Elke uitverkorene het 'n ereplek by God

Die uitverkorenes het nie eers nodig om te veg nie – God oorwin

Die uitverkorenes se naam is in die boek van die lewe – daar is dus niks waaroor hy geoordeel kan word nie – Christus het immers die volkome versoening vir al sy sonde gedoen.

Die nie-uitverkorenes sal vir elke sonde wat hy / sy gedoen het, gestraf word.

Wie twee keer gebore is, sterf net een keer. Wie een keer gebore is, sterf twee keer.

10